Sondag, 24 November 2019

Christus het jou vrygemaak... wees nou vry!

"Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie. Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word.
(Galasiërs 5:1 en 5)

Wanneer mense nie meer die innerlike kontrole het om hulleself te beheer, sodat hulle nie skelm dinge doen nie, word hulle in die tronk gesit. Die tronktralies is uiterlike kontrole maatreëls wat dan die persoon aan bande lê, sodat hy of sy nie dinge doen wat hulle vêrder in die moeilikheid laat beland nie. Paulus sê dat die wet (die Tien Woorde) sulke uiterlike kontrolemaatreëls geword het, omdat mense nie die innerlike kontrole van die Heilige Gees gehad het om hulle binne die wil van God te hou nie. Wanneer die Heilige Gees die beheer van jou lewe oorneem, leer Hy jou om binne die hart van God se wil te bly, nie maar net binne die letter van die wet nie. Dit is nie die reëls wat verander het nie. Dit is nie God se wil wat verander het nie. Wat wel verander het, is dat jy nie meer die tralies van die wet nodig het om jou binne die wil van God te hou nie, dit word jou diepste begeerte om te doen wat God wil. Daardie motivering kom nou van binne af. Hierin lê ware Christelike vryheid.

Paulus waarsku teen 'n ander evangelie. Hierdie ander evangelie het nie beteken dat mense nou skielik 'n nuwe verlosser gevind het, anders as Jesus Christus nie, maar dat die evangelie verdraai word deur die vryheid wat geloof in Jesus gebring het, weg te neem. Dit is soos om Christus as jou Verlosser te aanbid, omdat jy jouself nie kan red en dan om te draai en te leef asof jou redding van jouself afhanklik is. Op 'n manier is dit tog om 'n "ander verlosser" te soek, nl. 'n evangelie waar jy jou eie verlosser moet wees. As jy dan met "goeie werke" redding wil verkry, moet jy baie seker maak dat jy niks anders as "goeie werke" doen nie. Mense kom egter vinnig agter dat selfs ons beste pogings om onsself te red, nooit genoeg is nie. Om genade te verwerp is om Christus self as Verlosser te verwerp. Christus het jou vrygemaak... Leef nou vry!

Ds. Johan Marais

Baie welkom by ons erediens vanoggend, gelei deur ds. Johan Marais en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Agter in die kerkgebou is Bybels en Liedboeke indien u een benodig. Uit die binnehof is deure na die Moederskamer en toiletgeriewe. Almal is uitgenooi vir 'n koppie koffie of tee in die binnehof, ná die diens.

Indien u enige vrae het of met die leraar oor vanoggend se erediens wil gesels, skakel gerus vir ds. Johan Marais (084 5178 052).

Ander eredienste vandag en volgende Sondag

Sondag 24 November	Om 15:00 – teol.std. Steve Bopane (afsluiting).
	Om 18:00 – ds. Jan Lubbe (Taizé en Jaarwydingsdiens).
Sondag 1 Desember	Om 09:30 – ds. Jan Lubbe.

Vanaand is die laaste aanddiens van 2019. Ons kategese en gesinsdienste in die saal het ook alreeds afgesluit en hervat op 19 Januarie 2020.

DEURKOLLEKTES:

17 November	Volksblad Kersfonds en ENGO	R 3 985,70
24 November	Bloemshelter	
1 Desember	CLF Vigsburo	

Inligtingstuk oor deurkollektes is agter in die kerk op die tafel beskikbaar.

MEELEWING EN VOORBIDDING

Verjaarsdae:
Ons hartlike gelukwense en seënbede aan almal wat vandag en in die volgende weke verjaar:

24 November	Riana Johnson, Mia Morrison en Hugo en Marius Theunissen.
25 November	Corné Franken, Barry Poggenpoel en Peet Spies.
26 November	Dirk Nel en Johan van Rooyen.
27 November	Armand Botha, Marianne Brink, JF de Waal, Ina Fenwick en Jan Jacobsz.
28 November	Susan Beukes, Daniël en Izak le Roux, Carien van Zyl en Kowie Wessels.
29 November	Johan Diedericks, Theunis du Plessis, Louis Raubenheimer en Jan Swanepoel.
30 November	Chris Jordaan.

Geluk ook aan...
Oom Josias en Tannie Marietjie Swanepoel se kleindogter, Marietjie Bergh, is die afgelope week in Pretoria as ‘n proponent van die NG Kerk gelegitimeer; ons hartlike gelukwense aan hulle as familie!

Siekes tuis of in hospitaal:
Ons dink in gebed aan hulle wat siek is, in hospitale of tuis aansterk ná operasies of behandeling: Conna Lups (Deannelaan 15, wyk 20b); Willem-Carel Brink (Paul Rouxstr. 71, wyk 4a); Gerdus Norval (Genl. Cronjéstr. 32, wyk 9a); Dirk Nel (De la Reyhof 8, wyk 19b); Ockie Fourie (Da Gama 12, wyk 7c); Tannie Ina Fenwick (Serenitas 3, wyk 15a); Oom Gert Terblanche (Kapt. Goodmanstr. 5, wyk 1b); Jan Davel (Dan Pienaarrln. 50, wyk 11a); Beatrice Carshagen (Cussoniahof 8, wyk 20b) en Nadiha Visser (Van Schoorstr. 31, wyk 3a). Ons dink in besonder ook aan ds. Gert en Retha Terblanche, wie se seun Burgert die afgelope tyd in die hospitaal is ná ‘n operasie.

Meelewing:
Ons dink ook aan Cindy Cronjé (William Trollipstr 25, wyk 11b) wie se oupa oorlede is.

BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIE:
Ons Bybelstudiegroepe en gebedsgeleenthede vir 2019 het die afgelope week afgesluit en hervat weer in Januarie 2020. Dit was 'n voorreg om vanjaar ook in hierdie byeenkomste met mekaar saam te leef, te lees en te leer.

KERKRAADSAKE

Pastorale sorg (Leraarswyke):

Wyke 1-10	– ds. Johan Marais (084 517 8052)
Wyke 11-20	– ds. Jan Lubbe (082 784 9362)

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag pastoraal bystaan en bemoedig, ook gedurende hierdie vakansietyd. Let asb. op watter leraar wanneer aan diens is, en skakel gerus in geval van lief of leed.

Gasvryheidsbeurt, sorg-en-omgee:
Baie dankie aan Wyk 9 en vrywilligers wat gedurende November aan diens was vir gasvryheid op Sondae met teeskink ná die erediens en verskaffing van etes aan Bloemshelter Vrydagaande. Gedurende Desember en Januarie is dit steeds vrywilligers wat hiervoor instaan – indien u wil kom help, kontak gerus die kerkkantoor, ons sal baie bly wees om jou hulp te ontvang (051-436 2750).

Verloftye:

Ds. Johan Marais	26-30 November 2019.
Ds. Jan Lubbe	8-27 Desember 2019.
Rita van Zyl (kantoorbestuurder)	16 Desember 2019 tot 5 Januarie 2020.

BEDIENINGE

GEMEENTEBEDIENING
Almanak 2020:
Laaste advertensies of 'n Bybelteks in 'n spesifieke maand is nog tot Woensdag, 27 November, welkom; die Almanak word nou gefinaliseer. Kontak Rita van Zyl in die kerkkantoor of epos na kantoor@bergendalkerk.co.za

"Kerkbode" & "Lig":
Bestellings vir hierdie NG Kerk-tydskrifte kan nog tot Woensdag, 27 November, by die kerkkantoor geplaas word. *"Kerkbode"* verskyn tweeweekliks @ R 215,00 per intekenaar (minimum getal nodig: 21); *"Lig"* verskyn maandeliks @ R 324,00 per intekenaar.

JEUGBEDIENING
Kategete 2020:
Met die afsluiting van ons kategese en die terugkyk op die afgelope jaar, besef ons weer hoe bevoorreg ons is saam met ouers by die geloofsvorming van ons kinders betrokke te wees. Baie dankie aan almal wat deur die afgelope jaar meegewerk het: kategete, administrasie, oop- en toesluit – dit het goed gegaan. Nou moet ons die kategetelys vir volgende jaar saamstel: voel jy dalk geroepe om te kom help? Kontak asb. vir ds. Johan (084 517 8052) of Jan (082 784 9362).

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING
Gemeentemark:
Indien jul dalk ekstra plastieksakke tuis het, bring asb. na die kerkkantoor – ons kan dit tydens verkopings gebruik. Skenkings van tweedehandse klere en gebruiksartikels vir die laaste mark van die jaar, eerskomende Vrydag 29 November, sal ook waardeer word. Baie dankie vir almal se hulp en ondersteuning deur die jaar: ons het sover R 26 563,60 ingesamel, en wat weer vir noodleniging elders gebruik kon word.

Hospice Jaarafsluiting:
Hospice Bloemfontein nooi alle vrywilligers en belangstellendes uit na hul Jaarafsluiting op Donderdagmiddag, 28 November om 17:30 by Oliewenhuis. Verslag oor die jaar se werksaamhede en finansies word gelewer, en daar word dankie-gesê aan almal wat vanjaar swaarkry help verlig het.

Versorger by Gladstoneweg Jeugsorgsentrum:
Vakature vir die pos van 'n versorger vir die 12 seuns en dogters; gratis inwoning en etes ingesluit. Vir meer besonderhede, kontak Marinique du Plessis by 051-522 6914 of epos marinique@engo.co.za.

GETUIENISBEDIENING
Sotho-Werkersklas:
Die afsluiting van ons Werkersklas vind plaas Dinsdag, 26 November om 15:00. Die gemeente word uitgenooi om dié geleentheid te kom bywoon; 'n spesiale program word beplan en die vroue sien trots daarna uit om hul handwerk vir die jaar te vertoon – kom beleef dit saam.

ONDERSTEUNINGSBEDIENING
Dankofferbydraes deur Desember:
Baie dankie vir alle dankofferbydraes wat deur 2019 ingekom het – dít het die bediening hier in Berg-en-Dal, ons eredienste en alle werksaamhede, en ook ons uitreike na buite en noodleniging moontlik gemaak. Ons sal in Februarie weer volledig verslag doen oor die stand van ons gemeentelike finansies. In vanoggend se *Fokus* vind u 'n koevertjie vir 'n dankoffer nou aan die jaareinde en die laaste maand – dink asb. aan Berg-en-Dal voordat u vir vakansie vertrek. Elektroniese inbetalings kan ook gedoen word na:

NG Kerk Berg-en-Dal, ABSA Tjekrek. 470-580-011

NUUS VAN ELDERS

Kunsuitstalling Anita Oliphant & vriende:
Die bekende skilder, Anita Oliphant en van haar ewe bekende studente hou hul jaarlikse kunsuitstalling hier in Berg-en-Dal se kerksaal, en kan u vanoggend vanaf 11:00 tot vanmiddag 17:00 dit nog gaan besigtig. Almal welkom...

Vir almal wat hierdie week alreeds met vakansie vertrek, wens ons 'n veilige reis, goeie rustyd en 'n geseënde Kersgety toe. Volgende Sondag, 1 Desember, verskyn die laaste Fokus vir die jaar en sal ons alle tye en reëlings vir eredienste gedurende Desember deurgee.